



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2018

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A

**TREVOR NOAH**



1 Trevor Noah is op 20 Februarie 1984 in Johannesburg gebore. Sy ma, Patricia Noah, is 'n Xhosa en sy pa, Robert, is 'n Switser. Toe Trevor een jaar oud was, is sy pa terug Switserland toe. Sy ma en sy ouma het hom alleen grootgemaak.

2 Sy ma is later met Abel Shingange getroud. Abel het Trevor en Patricia mishandel. Hy is gestraf vir poging tot moord op Patricia. Trevor het altyd gehoop dat hierdie insident mense meer bewus sou maak van geweld teen vroue en kinders in Suid-Afrika.

3 In 2002 het Trevor (18) 'n rol in die sepie *Isidingo* gehad. Daarna het hy sy eie radioprogram, *Noah's Ark*, op Gauteng se jeugstasie, YFM (Youth FM), aangebied. Toe het Trevor besluit om net op komedie te fokus. Hy het saam met plaaslike komediante, soos Marc Lottering en David Kau, opgetree, asook saam met internasionale komediante, soos Gabriel Iglesias.

4 Sedert 2004 was Noah by verskillende programme betrokke, byvoorbeeld die opvoedkundige program, *Run The Adventure*, die skinderprogram, *The Real Goboza,* en *Siyadlala*, 'n sportprogram. Hy was ook 'n deelnemer in die vierde seisoen van *Strictly Come Dancing*. Noah het later vir Cell C gewerk. Hy was hulle woordvoerder en 'n agent wat verbruikers se regte beskerm het. Trevor het vanaf 2009 bekend geraak as 'n kitskomediant ('stand-up comedian') met vertonings soos *The Daywalker*, *Crazy Normal* en *It's my Culture*.

5 Noah is 'n talentvolle komediant. Sy agtergrond in 'n gemengde familie, sy grootwordjare in Soweto en sy eie waarneming van die wêreld om hom is die belangrikste temas in sy komedie. Hy spot met alles en almal, selfs met homself. Noah is veeltalig en praat sewe van Suid-Afrika se amptelike tale, onder andere Afrikaans en isiXhosa. Hy praat ook vreemde tale soos Duits en Spaans.

6 In 2011 het hy na Amerika verhuis. In Maart 2015 het Comedy Central aangekondig dat Noah vir Jon Stewart as aanbieder van *The Daily Show* sou opvolg. Amerikaners was eers ongelukkig omdat Trevor hierdie gewilde program sou aanbied, maar nadat hy op 28 September 2015 sy eerste program aangebied het, het hy kykers se harte gewen.

7 Hierdie man van Soweto het groot sukses as aanbieder van *The Daily Show* behaal. In 2017 het hy die MTV-prys as die beste aanbieder ontvang.

Kopiereg voorbehou

8 Trevor was in die wolke oor sy prys. As kind het hy na die MTV-prysuitdelings gekyk, maar nooit gedink dat hy self 'n prys sou wen nie. In sy toespraak het hy sy ma bedank en haar as 'n magtige, sterk vrou beskryf.



9 Trevor beskryf homself as iemand wat vooruit dink en die "groter" wêreld raaksien. Akteurs soos Eddy Murphy en Chris Rock is sy rolmodelle. Hulle het sy siening oor komedie verander.

10 Trevor is deesdae die gesig van komedie in Amerika. Hy verskyn gereeld op tydskrifte se voorblaaie. Trevor was al twee keer *Times* se voorbladgesig. Hierdie tydskrif beskryf hom as 'n leier van die volgende geslag.

11 Trevor is aktief op sosiale media en deel gereeld sy glanslewe met sy miljoene aanhangers. Hy kuier saam met beroemde mense, maar vergeet nie sy ou pelle in Suid-Afrika nie.

[Verwerk uit Wikipedia.com]

1.1 In watter stad is Trevor Noah gebore? (1)

1.2 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Trevor se biologiese pa het gehelp om hom groot te maak. (1)

1.3 Watter TWEE mense het Trevor grootgemaak? (2)

1.4 Trevor se ma het getrou toe hy groter was.

1.4.1 Met wie is Trevor se ma later getroud? (1)

1.4.2 Hoekom kan ons sê dat hierdie man nie goed vir Trevor en sy ma was nie? (1)

1.4.3 Hoe is dit wat jy in VRAAG 1.4.2 oor Trevor se pa gesê het, steeds vandag relevant? (1)

1.5 Hoekom, dink jy, was Trevor die regte persoon om in 2002 'n radioprogram op die jeugstasie, YFM (Youth FM), aan te bied? Gee TWEE redes. (2)

1.6 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

As ons sê dat Marc Lottering en David Kau plaaslike komediante is, bedoel ons dat hulle (oorsese/Suid-Afrikaanse) komediante is. (1)

1.7 Kies die inligting in KOLOM B wat by die program in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.7.1–1.7.5) en die letter (A–F) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | *Isidingo* | A | Hierdie program handel oor wat in ander mense se lewens aangaan. |
| 1.7.2 | *Run The Adventure* | B | Hierdie program handel oor sport. |
| 1.7.3 | *The Real Goboza* | C | Hierdie program gaan oor mense wat in 'n kompetisie dans. |
| 1.7.4 | *Siyadlala* | D | Hierdie program het mense in snaakse situasies gewys. |
| 1.7.5 | *Strictly Come Dancing* | E | Hierdie program is 'n bekende sepie. |
| | | F | Hierdie program het vir kykers iets geleer. |

(5 x 1) (5)

1.8 Skryf EEN woord uit paragraaf 4 neer wat sê watter werk Trevor Noah vir Cell C gedoen het. (1)

1.9 Trevor Noah is 'n kitskomediant ('stand-up comedian').

1.9.1 In watter jaar het Trevor se loopbaan as kitskomediant regtig begin? (1)

1.9.2 Noem EEN van die vertonings waarvoor Trevor as kitskomediant bekend is. (1)

1.10 Dink jy die Amerikaners het rede gehad om ongelukkig te voel omdat Trevor *The Daily Show* sou aanbied? Motiveer jou antwoord. (1)

1.11 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Trevor kan net amptelike tale van Suid-Afrika praat. (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die letter (A–D) neer.

Trevor was **in die wolke** oor die MTV-prys wat hy gewen het.

Dit beteken dat ...

A mense Trevor baie geprys het.
B Trevor baie bly was oor sy prys.
C die prysuitdeling in 'n baie hoë gebou was.
D Trevor Amerika toe moes vlieg om sy prys te ontvang. (1)

1.13 Trevor is deesdae die **gesig van komedie** in Amerika.

Wat beteken dit? (1)


1.14 Trevor het in Amerika gaan bly.

As jy so bekend soos Trevor Noah in Suid-Afrika was, sou jy in Amerika gaan bly het? Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 11 neer wat sê dat baie mense Trevor Noah se program volg. (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *Grafika 24*]

1.16 Watter aanlyn winkel het die grootste persentasie markaandeel? (1)

1.17 Watter winkel word voorgestel deur ? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

EXCLUSIVE BOOKS het 'n (groter/kleiner) markaandeel as amazon. (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.19) en die letter (A–D) neer.

Jy sal by Sportsmans Warehouse koop as jy ... nodig het.

A boeke
B sokkerballe
C beddegoed
D kruideniersware (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die letter (A–D) neer.

Mense gebruik aanlyn winkels om inkopies te doen, want ...

A hulle wil by hulle vriende spog.
B dis gerieflik en bied jou 'n wye keuse van produkte.
C die pryse is goedkoper as in die gewone winkels.
D die produkte is van 'n beter kwaliteit. (1)

1.21 Waarom is hierdie teks makliker om te lees as 'n geskrewe teks? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: WENKE OM 'N GOEIE CV TE SKRYF




- Som die SEWE wenke om 'n goeie CV te skryf, in SEWE VOLSINNE op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C


'n CV kan die sleutel wees wat vir jou 'n mooi toekoms oopsluit. Heel eerste in jou CV moet jy al jou persoonlike inligting gee. Dit sal vir die werkgewer sê wie jy is.



'n Belangrike deel van jou persoonlike inligting is die regte kontakbesonderhede. Maak dus seker dat jy die regte adres en kontaknommers in jou CV gee.



Sê in jou CV watter tale jy kan praat, lees en skryf. Kommunikasie in die werksplek is belangrik. Die werkgewer sal voorkeur gee aan iemand wat meer as een taal kan praat.



Jy moet gekwalifiseerd wees vir die pos waarvoor jy aansoek doen. Sluit al jou kwalifikasies volledig in.



Gee al die inligting omtrent die werk wat jy al gedoen het. Werkservaring kan tot jou voordeel wees.



Werkgewers verkies werkers met 'n gebalanseerde lewe. Dit beteken hulle verkies werkers wat in hul vrye tyd aan verskillende aktiwiteite deelneem. Noem dus in jou CV alle stokperdjies, gemeenskapswerk of sport waaraan jy deelneem.



Die werkgewer wil gewoonlik meer van jou weet. Gee die name en kontakbesonderhede van twee mense wat jou goed genoeg ken om jou sterk punte uit te lig. Daar is mos nie plek op jou CV om daaroor uit te brei nie.



[Verwerk uit www.selfstairway.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Eie bron]

3.1 Hoe beklemtoon die adverteerder die opskrif? (1)

3.2 "Jy móét net hierdie nuwe sjokolade proe!"

3.2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die woorde in die sin hierbo word gebruik om die leser te (manipuleer/stereotipeer). (1)

3.2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.2.2) en die letter (A–D) neer.

Watter SKRYFTEKEN word in die woord "móét" gebruik?

A Kappie
B Deelteken
C Koppelteken
D Aksentteken (1)

3.2.3 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder in die sin, "Jy móét net hierdie nuwe sjokolade proe!", om die leser te laat voel dat daar met hom/haar gepraat word? (1)

3.3 Kies die korrekte UITROEP tussen hakies.

(Oe/Ag nee), ek is mal oor hierdie sjokolade! (1)

3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Dis die (lekker) sjokolade ooit! (1)

3.5 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Ek (ken/weet) jy sal van hierdie sjokolade hou. (1)

3.6 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| skree; | sê; | fluister |

Die prentjie van die meisie wat agter haar hand praat, is effektief omdat dit lyk asof die meisie die woorde ... (1)

3.7 Wie, dink jy, sal op hierdie advertensie reageer? (1)


3.8 Waarom pas die prentjie  by die advertensie? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Beeld*, 5 Januarie 2016]

4.1 Sussie sê: "Pappa, vandag gaan ons braai!"

Sussie bedoel dat dit vandag baie warm gaan word.

Gebruik die woord "braai" in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

4.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Pappa sê: "Elke dag is braaidag."

**Begin só:** Pappa sê dat ... (1)

4.3 Hoe kan ons uit die spotprent aflei dat die son te warm vir Ouma is? Noem TWEE dinge. (2)

4.4 Hoe kan ons sien dat Mamma nie wil hê dat die son haar moet brand nie? (1)

4.5 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Oupa drink 'n koeldrank. Hy kry baie warm. (want) (1)

4.6 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Ouma sit op (sy/haar) stoel. (1)

4.7 Skryf die sin oor.

Sussie, spring in die water!

**Begin só:** Sussie, jy moet ... (1)

4.8 Die koeldrank in Oupa se hand is (baie koud).

Gee die INTENSIEWE VORM vir "koud". (1)

4.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Ouma se (sonbril/sonbrille) is baie groot. (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**LUNDI, DIE HOUTKUNSTENAAR**




(5.1.1) Lundi ndzuta is 'n houtwerker van Soweto. Sy (5.1.2) (ma en pa) wou hê hy moes verder gaan studeer, maar hy wou nie. Hy wou liewer (5.1.3) (met/deur) sy hande werk. Hy het by sy (5.1.4) buurvrou geleer om kaste te maak. Lundi het deeltyds by hom (5.1.5) werk.

Eendag het hy (5.1.6) (die/'n) paar Mosambiekse skrynwerkers raakgeloop. Hulle (5.1.7) kunswerk was vir hom baie mooi. Hy het toe geweet dat hy nie die res van sy lewe wou kaste maak (5.1.8) ...

Ndzuta het homself geleer (5.1.9) ... beelde in hout ... kerf. Hy maak ook logo's van (5.1.10) sport + spanne en portrette van mense wat hy (5.1.11) bewonder.

(5.1.12) Mense sien (op sy Facebook-blad) (sy werk) (gereeld). Hulle plaas dan bestellings by Lundi. Dit neem Lundi 36 uur om 'n artikel te voltooi.

Dit is vir hom (5.1.13) belanrik dat sy kliënte (5.1.14) ontevrede moet wees met die artikels wat hy gemaak het.

[Verwerk uit *Beeld*, 9 Mei 2015]

5.1.1 Skryf die woord neer wat nie met die korrekte HOOFLETTER geskryf is nie. (Reël 1) (1)

5.1.2 Gee EEN woord vir (ma en pa). (Reël 1) (1)

5.1.3 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 2–3)

Hy wou liewer (met/deur) sy hande werk. (1)

5.1.4 Gee die MANLIKE VORM van "buurvrou". (Reël 3) (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE VORM van "werk". (Reël 4) (1)

Kopiereg voorbehou 

5.1.6 Kies die KORREKTE LIDWOORD tussen hakies. (Reël 5)

Eendag het hy (die/'n) paar Mosambiekse skrynwerkers raakgeloop. (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van "kunswerk". (Reël 6) (1)

5.1.8 Vul die ONTBREKENDE woord in. (Reël 7)

Hy het toe geweet dat hy nie die res van sy lewe wou kaste maak ... (1)

5.1.9 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 8)

... beelde in hout ... kerf (1)

5.1.10 Gee die korrekte SAMESTELLING van "sport + spanne". (Reël 9) (1)

5.1.11 Verdeel die woord "bewonder" volledig in LETTERGREPE. (Reël 9) (1)

5.1.12 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor. (Reël 10)

Mense sien (op sy Facebook-blad) (sy werk) (gereeld).


**Begin só:** Mense sien ... (1)

5.1.13 Gee die korrekte SPELLING van "belanrik". (Reël 12) (1)

5.1.14 Gee die ANTONIEM van "ontevrede". (Reël 12) (1)

5.2 Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Bron: www.nationwideeducation.co.uk]

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

5.2.1 Die tuinier gebruik die (hark/graaf) om die droë blare bymekaar te kry. (1)

5.2.2 Die elektriese koord hang (onder/oor) die tuinmuur. (1)

5.2.3 Daar trek (rook/stoom) terwyl die blare brand. (1)

5.2.4 Die tuinier maak 'n (vuur/vier) om die blare te brand. (1)

5.2.5 Die tuinier moet die (gebreekte/gebroke) bottel optel. (1)

5.2.6 Hy gebruik 'n (sleepwa/kruiwa) om die droë blare aan te ry. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7 OF VRAAG 8.

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" (20) EN**

**VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" (20)**

**OF**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A*:* "OPGANG" (20) EN**

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" (20)**

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

### VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

… gaan hulle die ooreenkoms aan. Dit was die aand nadat een van die oudste inwoners begrawe is.

"Ja, ou Willem, dit lê vir ons ook voor."

"Ja, Jakob."

***

Die matrone het die tyding saam met die oggendkoffie vir Jakob geneem.

***

… Troos wou in sy gemoed nie kom nie, al het die ander inwoners die hele dag gekom en gegaan om die troos te probeer bring. Aan die kos wat hulle vir hom kamer toe gebring het, kon hy sy mond nie sit nie.

6.1 Wat was die naam van die nuwe huis vir bejaardes waar Jakob en Willem saam gebly het? (1)

6.2 Jakob en Willem was 40 jaar lank vriende.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.3 Noem TWEE dinge wat Jakob en Willem saam gedoen het. (2)

6.4 Hoekom, dink jy, vertel die verteller van al die dinge wat Jakob en Willem saam gedoen het? (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die letter (A–D) neer.

Jakob en Willem het hulle ooreenkoms aangegaan nádat een van die oudste inwoners begrawe is, want …

A hulle vriende het al minder geword.
B hulle het nie meer familie gehad nie.
C hulle was baie hartseer oor die inwoner se dood.
D die inwoner se dood het hulle oor hulle eie dood laat dink. (1)

6.6 Watter tyding het die matrone vir Jakob geneem? (Reël 5) (1)

6.7 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.7) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| versadig; | hartseer; | bang |

Jakob wou nie sy kos eet nie, want hy was te … (1)

6.8 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Matrone | A | … het probeer troos, maar was eintlik lastig. |
| 6.8.2 | Willem | B | … moes doen wat die beste vir al die inwoners was. |
| 6.8.3 | Jakob | C | … het hartseer oor die dood van geliefdes geken. |
| 6.8.4 | Sarah | D | … het as alleenloper nie die dood van naby vriende en familie ervaar nie. |
| | | E | … het saam met die ander inwoners vingerbord gespeel. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

> Die ooreenkoms was: die een wat eerste gaan, sal 'n teken kom gee sodat die een wat agterbly, kan weet. Dis amper 'n maand vandat Willem dood is. Waar is hy? … Vir apostel, predikant en moordenaar wag dieselfde niks. En 'n man moet dit uitvind as die aftel amper klaar is! Wanneer jy soos 'n gek sit en wag vir 'n teken van Willem wat soos 'n wind in die lug op is!

6.9 Waarom was dit vir Jakob belangrik dat Willem die teken moes gee? (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.10) en die letter (A–D) neer.

"Willem wat **soos 'n wind in die lug op is**!" is 'n voorbeeld van …

A ironie.
B kontras.
C 'n metafoor.
D 'n vergelyking. (1)

6.11 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Jakob het gesukkel om die bottel oop te draai.
- Jakob het die bottel uit die wegsteekplek gehaal.
- Die bottel se prop het gewoonweg losgedraai.
- Willem se horlosie het halfses geslaan. (4)

6.12 Waarom was dit selfsugtig van Jakob om alleen in die kamer te wou bly? (1)

6.13 Jakob kon nie die whiskybottel se prop oopgedraai kry nie, nadat hy dit self die vorige dag toegedraai het.

Hoekom, dink jy, het Jakob dit gesien as 'n boodskap van Willem? (1)

**EN**

**VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

Die nomadiese kamplewe bodder hom ook nie. "Ag, dis partykeer ongerieflik," gee hy teensinnig toe, "maar daar is baie voordele."

***

Dit word vir my duidelik, terwyl hy gesels: hierdie man sal jy nie maklik onderkry nie.

***

Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim. Daar was nog grys reënbanke wes van ons, maar óm ons het die bulte klam gelê en stowe in die geel middag.

My passasier het begin stiller raak. Maar ek kon sien hy is opgewonde … "Die kar loop lekker vinnig," sê hy. "Ek gaan vroeg daar wees."

6.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.14) en die letter (A–D) neer.

Gouws het 'n **nomadiese kamplewe** gehad. Dit beteken dat hy …

A gereeld oor naweke gaan kamp het.
B daarvan gehou het om in tente te slaap.
C van plek tot plek agter sy werk aan getrek het.
D onder die sterre geslaap het as hy gekamp het. (1)

6.15 Watter voordeel het Gouws se nomadiese kamplewe vir hom gehad? (1)

6.16 Op watter dorp moes Gouws afklim? (1)

6.17 Noem TWEE dinge wat vir die verteller gewys het dat Gouws opgewonde was om by sy huis te kom. (2)

6.18 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| respek vir; | dankbaarheid teenoor; | begrip vir |

Die verteller het … Gouws gehad omdat Gouws hom nie deur sy moeilike lewe laat onderkry het nie. (1)

6.19 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Gouws het vir die verteller van sy lewe as padmaker vertel.
- Die verteller het Gouws opgelaai.
- Die verteller het Gouws naby sy huis afgelaai.
- Gouws het langs die pad gestaan en gewys hy wou saamry. (4)

6.20 Ons kan sê dat die verteller in hierdie verhaal nie net aan homself gedink het nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

Maar niemand het dit gemerk nie. Dit was net kinders en hond en lemoene en skoene en pa en ma deurmekaar, 'n hele vyf minute lank.

Toe ek by hulle verbyry, was hulle nog besig om die koffertjie se klere en die skoene en die los lemoene op te tel. Hulle het my nie gemerk nie. En al het hulle, sou dit nie saak gemaak het nie.

6.21 Hoekom kan ons sê dat hierdie deel van die kortverhaal so goed by die titel pas? (1)

6.22 Gee EEN rede waarom dit moeilik moes wees vir Gouws se vrou om die vrou van 'n padmaker te wees. (1)

6.23 Kies die inligting in KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.23.1–6.23.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 6.23.1 | 'n Padkamp | A | … is waar Gouws besig was om 'n nuwe pad te maak. |
| 6.23.2 | Skurweberg | B | … is waar die man se kinders vir hom gestaan en wag het. |
| 6.23.3 | By die hek | C | … is waar die verteller die gesin gestaan en dophou het. |
| 6.23.4 | Langs die spruit | D | … is waar die padmaker gebly het terwyl hy paaie maak. |
| | | E | … is waar die verteller vir Gouws opgelaai het. |

(4 x 1) (4)

6.24 Die verteller kon nie glo dat Gouws nie by sy huis afgelaai wou word nie. Waarom was hierdie reaksie van Gouws so vreemd vir die verteller? (1)

6.25 Waarom kan 'n mens sê dat Gouws 'n goeie rolmodel vir ander mense is? (1)

6.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.26) en die letter (A–D) neer.

Gouws wou hê sy tuiskoms moes 'n verrassing wees.
Watter les kan jy hieruit leer?

A Dit is belangrik dat 'n man moet doen wat hy sê hy sal doen.
B 'n Man moet dinge doen wat hy weet sy gesin gelukkig sal maak.
C 'n Man wat ver werk, moet sy gesin laat weet wanneer hy huis toe kom.
D Dit is belangrik dat 'n man moet weet van watter geskenke sy gesin sal hou. (1)

**[40]**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A*:* "OPGANG" – Ina Rousseau**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS L**

Sy haal die deksel af, en daar staan hy toe voor die vrouens en pronk met sy blink nek en lyfie, asof hy gretig is om haar tot eer te strek.

"Pragtig-pragtig-pragtig!" roep Meisie uit. "En sommer stinknuut! Wanneer het ek laas 'n nuwe masjien buitekant 'n winkel gesien? Dis die nuutste masjien in die straat hierdie, Hannetjie!"

7.1 Gee TWEE redes waarom Lukas vir Hannetjie 'n naaimasjien gekoop het. (2)

7.2 Waarom het Lukas gesê dat die kinders nie aan Hannetjie se masjien mag vat nie? (1)

7.3 Hoe, dink jy, sou die nuwe masjien Hannetjie **"tot eer ... strek"**? (Reël 2) (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.4) en die letter (A–D) neer.

" ..., en daar staan hy toe voor die vrouens en **pronk met sy blink nek en lyfie**, ..." (reël 1–2) is 'n voorbeeld van ...

A kontras.
B 'n metafoor.
C 'n vergelyking.
D personifikasie. (1)

7.5 Waar het Lukas Hannetjie se masjien gaan neersit? (1)

7.6 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.6) en die ontbrekende woorde neer.

| opgewonde oor; | tevrede met; | jaloers op |
|---|---|---|

"Pragtig-pragtig-pragtig!" (Reël 3) wys vir ons dat Meisie baie ... Hannetjie se nuwe masjien was. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS M**

Hannetjie kyk stip na haar.
"Dag, Charlotte," sê sy.

***

"... As hy dit eerder gedoen het, het ek nie vandag met 'n vernielde voetjie gesit nie. Ek kom kyk hoe lyk hy. En ek het sommer 'n paar nate saamgebring om te voel hoe stik hy." Toe kyk sy haar vas teen die uitdrukking op Hannetjie se gesig: "Gee jy om?"

"Jy móét seker maar," sug Hannetjie. "Maar jy moet versigtig werk met sy armpie en spoeletjie en naaldjie en tandjies. En met sy voetjie veral. Ek hoop jou lap is nie dik nie. Gee hierso, laat ek sien ... Nou ja, goed, kom stik dan tog maar in vredesnaam."

7.7 In hierdie uittreksel maak Lot asof Hannetjie nie mooi met haar masjien gewerk het nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.8 Lees reël 7–9. Waarom kan 'n mens verstaan dat Hannetjie hierdie dinge vir Lot gesê het? (1)

7.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.9) en die letter (A–D) neer.

Die nuwe naaimasjien was vir Hannetjie 'n simbool van ...

A mooier klere.
B 'n beter lewe.
C meer vriende.
D 'n groter uitgawe. (1)

7.10 Kies die aanhaling in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.10.1–7.10.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.10.1 | Hannetjie | A | "Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem." |
| 7.10.2 | Lot | B | "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?" |
| 7.10.3 | Drien Tromp | C | "Julle ma is die enigste mens wat aan hom vat!" |
| 7.10.4 | Lukas | D | "Wie s'n is dit …?" |
| | | E | "Ek hoor Lukas het toe eindelik en ten laaste vir jou 'n masjien gekoop." |

(4 x 1) (4)

7.11 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Twee vrouens in die straat het die volgende dag na die masjien kom kyk.
- Lukas het vir Hannetjie 'n naaimasjien gekoop.
- Lot het 'n paar nate op Hannetjie se nuwe masjien gestik.
- Die kinders het dadelik hulle maats geroep om na die masjien te kom kyk. (4)

7.12 "Dag, Charlotte," sê sy. (Reël 2)

Hannetjie het Lot op haar volle naam genoem. Wat sê dit vir ons van die verhouding tussen Hannetjie en Lot? (1)

7.13 Wat sou jy gedoen het as jy Lot was en gehoor het dat Hannetjie haar eie naaimasjien gekry het? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS N**

... Dis 'n lang reis: sewe uur is 'n mens aan boord, en as jy dan drie kinders het om op te pas, wat hulself al gou begin verveel en allerhande ongeoorloofde en gevaarlike dinge gaan doen, dan is so 'n reis waarlik nie aangenaam nie.

***

... Hy het daar in sy stoel gesit en lees toe die geroep hom laat opspring het, en sonder om te aarsel, ruk hy sy baadjie uit en spring oorboord. Nog net betyds kry hy die meisie beet.

7.14 Watter gevaarlike ding het Leune op die skip gedoen? (1)

7.15 Leune het in die water geval nadat sy geskrik het. Waarvoor het sy geskrik? (1)

7.16 Gee TWEE redes waarom Dou dadelik in die water gespring het. (2)

7.17 Dou het dadelik in die water gespring. Wat wys dit jou van Dou se karakter? (1)

7.18 Nadat Dou Leune uit die water gered het, het al die mense Dou oor sy heldedaad geprys.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS O**

"Van waar was hy dan?"
"Dit weet ek nie."
"Dis snaaks. Wie was hy?"
"Dit weet ek ook nie."
"Jy skeer nou die gek, nè?"
"Nee, waarlik nie, Dou. Dit is soos ek jou sê, ek weet nie wie hy was nie en ook nie waar hy gewoon het nie."

***

"Hoe het hy gelyk?"
"Dit weet ek ook nie goed nie. Ek weet alleen dat hy ligte hare gehad het." "So," sê hy, en sy kan sien dat hy hom begin vererg. "Dan het jy hom seker met 'n mombakkies op gesien ..."

7.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.19) en die letter (A–D) neer.

As Dou vir Leune sê: **"Jy skeer nou die gek, nè?"** (reël 5), bedoel hy dat Leune ...

A vir hom jok.
B met hom spot.
C hom hartseer maak.
D hom deurmekaar maak. (1)

7.20 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.20) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| sarkasties; | ernstig; | ontsteld |

"Dan het jy hom seker met 'n mombakkies op gesien ..." (reël 10–11) sê vir ons dat Dou ... is. (1)

Kopiereg voorbehou 

7.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Leune het uitgevind dat dit Dou was wat haar gered het.
- Dou en Leune is getroud.
- Dou en Leune het mekaar by 'n sendingfees ontmoet.
- Dou was ontsteld toe Leune sê dat sy aan haar eerste liefde gedink het. (4)

7.22 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.22.1–7.22.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.22.1 | Leune | A | … het sonder ouers gereis. |
| 7.22.2 | Leune se moeder | B | … se aandag was afgetrek. |
| 7.22.3 | Dou | C | ... het verveeld geraak op die lang bootreis. |
| 7.22.4 | Die seeman | D | ... was bang vir water. |
| | | E | … was ontsteld oor die passasier wat gevaarlike dinge gedoen het. |

(4 x 1) (4)

7.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.23) en die letter (A–D) neer.

Watter tipe verhaal is "Die geheim"?

A 'n Verhaal oor 'n familie se bootreis
B 'n Ware liefdesverhaal
C Dou se lewensverhaal
D Leune se lewensverhaal (1)

7.24 Waarom was dit verkeerd van Leune se ma om nie uit te vind wie die seun was wat Leune gered het nie? (1)

7.25 Hoekom, dink jy, was dit reg van Dou en Leune om hulle jarelange geheim uiteindelik met mekaar te deel? (1)

7.26 Die grootste deel van hierdie verhaal is in die indirekte rede geskryf.

Hoekom, dink jy, praat Dou en Leune self aan die einde van die verhaal met mekaar? (1)
**[40]**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Beantwoord AL die vrae.

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS P**

*(Binki lei Lady Jane skrikkerig af. Lucky tik op sy selfoon. Wilma wag tot Binki en Lady Jane weg is en gryp Lucky se selfoon uit sy hande. Sy sit die selfoon met 'n ferm gebaar af en steek dit in haar eie broeksak.)*

WILMA: Ek waarsku jou nou vir die heel laaste keer, so jy moet jou ore oopmaak. Dis vir my 'n groot ergernis om jou hier te hê, maar ek doen dit, want dis my gemeenskapsdiens. Ja, ek weet ook van duur betaal vir dinge wat 'n mens verkeerd doen.
*(Wilma draai weg.)*

LUCKY: Jy? *(Nuuskierig)* Toe, vertel! Wat weet jy nogal van community service?

WILMA: *(Kwaai.)* Dis nie jou besigheid nie. Wat wel jou besigheid is, is dat ek nie skrik vir boelies soos jy nie.

***

LUCKY: Nou hoe de hel?

WILMA: Probeer dink wat dit van haar vat om op 'n perd te sit. Dink hoe dit vir haar moet voel om net nou en dan vry te kan beweeg. Om deur die veld te kan ry op 'n sterk dier se rug.

LUCKY: *(Deins weg van haar en probeer traak-my-nieagtig wees.)* As jy ryk is, kan jy enigiets –

WILMA: Haar pa bring haar hiernatoe in 'n gaar ou bakkie. Die De Beers sukkel, maar hulle doen dit vir Ansie.

8.1 Lucky moes gemeenskapdiens doen by die Silwerkloof Stalle omdat hy diere mishandel het.

Waarom het Lucky die katjies in die visdam gegooi? (1)

8.2 Waarom het Wilma Lucky se selfoon gevat? Gee TWEE redes. (2)

8.3 Hoekom was dit reg dat Wilma gewag het tot Binki weg is voordat sy Lucky se selfoon gevat het? (1)

8.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.4) en die letter (A–D) neer.

Wanneer Wilma vir Lucky sê: "… so jy moet jou ore oopmaak" (reël 5–6), bedoel sy dat Lucky ...

A moes luister wat sy sê.
B sy ore moes gaan was.
C mooier met Binki moes praat.
D sy beanie van sy kop moes afhaal. (1)

8.5 Lucky het altyd die beste in ander mense gesien.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.6 Verduidelik hoekom Wilma haar hulp aan Lucky as haar "gemeenskapsdiens" sien? (Reël 7) (1)

8.7 Wilma: "Ja, ek weet ook van duur betaal vir dinge wat 'n mens verkeerd doen." (Reël 7–8)

Waarom kan ons sê dat hierdie stelling figuurlik bedoel is? (1)

8.8 Vir wie het Lucky, volgens Wilma, geboelie? (1)

8.9 Waarom, dink jy, was dit verkeerd van Lucky om so lelik met Wilma te praat? (1)

8.10 Lucky het baie keer dinge oor mense gesê sonder dat hy die feite geken het.

8.10.1 Watter verkeerde idee het Lucky gehad oor die kinders wat by die ryskool kom perd ry het? (1)

8.10.2 Hoe, dink jy, het Lucky gevoel nadat Wilma hom vertel het wat sy by die ryskool doen? (1)

8.11 Hoekom kon Ansie nie gewoonlik vry beweeg nie? (1)

8.12 Voltooi die volgende sin deur 'n woord/woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (8.12) en die ontbrekende woord/woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| mooi opgepas; | stukkend; | oorgedoen |

Wanneer Wilma van 'n "**gaar** ou bakkie" (reël 20) praat, bedoel sy dat die bakkie oud en … was. (1)

8.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.13) en die letter (A–D) neer.

"Die De Beers **sukkel**, maar hulle doen dit vir Ansie" (reël 20–21) beteken dat die De Beers …

A nie baie geld gehad het nie.
B se dogter sleg in die skool gedoen het.
C baie swaar gekry het om hulle dogter te vervoer.
D baie moeite vir hulle gestremde dogter gedoen het. (1)

8.14 Hoe oud was Ansie de Beer? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS Q**

*(Hy kyk pleitend na Kaizer.)*

LUCKY: Binki sê julle perde verstaan beter as mense. Asseblief, vergewe my. *(Kaizer ignoreer Lucky, maar beweeg nie weg nie.)* Ek het vir Binki gesê dit was maklik om die katjies in die dam te gooi. Dit was nie. Hulle het verskriklik gemiaau-miaau. Die sak was hier by my oor.

***

LUCKY: Jis, Kaizer, my chief. (*Kaizer draai om en stap terug na sy stal. Lucky staan stil, oorweldig deur die gebeure. Hy gryp 'n emmer en dra dit die stal binne.)* Hei, jy's seker dors. Hier's water. Nuwe water, net vir jou.

***

LUCKY: Het jy weer so 'n hond gekry na die brand?
BINKI: Nee, my ma het gesê sy is te –
LUCKY: – sy's te besig om weer 'n hond te hê. Jip, natuurlik.
BINKI: *(Skud haar kop hartseer.)* Ja, maar sy is regtig –
LUCKY: Aag, dis okei.

***

*(Binki lag vir hom. Sy hou haar hand uit vir haar foon. Lucky spring weg van haar en begin weer te tik.)*

LUCKY: Nee, wag, ek sit net 'n nuwe naam in.
BINKI: Jy het dan al joune ingetik.
LUCKY: Ja, maar hierdie een is nou my ander naam.

8.15 Op watter TWEE maniere het Lucky sy aggressie teenoor Kaizer gewys net voor hierdie uittreksel? (2)

8.16 Hoekom kan ons sê dat reël 4–6 in die uittreksel vir ons die ander kant van Lucky se karakter wys? (1)

8.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.17) en die letter (A–D) neer.

"Hulle het verskriklik **gemiaau-miaau**" (reël 5) is 'n voorbeeld van …

A kontras.
B 'n metafoor.
C 'n vergelyking.
D klanknabootsing. (1)

8.18 Hoekom, dink jy, is dit betekenisvol dat Lucky toe vir Kaizer sy "chief" genoem het? (1)

8.19 Dit het gelyk asof Kaizer wou vrede maak.

8.19.1 Wat het Kaizer gedoen toe Lucky so hartseer was? (1)

8.19.2 Hoe het Kaizer probeer om met Lucky te kommunikeer? (1)

8.19.3 Wat het Kaizer, na jou mening, gedoen wat as die hoogtepunt (klimaks) van die drama gesien kan word? (1)

8.20 "Hei, jy's seker dors. Hier's water. Nuwe water, net vir jou." (Reël 10)

8.20.1 Waarom het Lucky vir Kaizer water gegee? (1)

8.20.2 Hoe het Wilma daaroor gevoel dat Lucky vir Kaizer water gegee het? (1)

8.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Lucky het begin huil omdat hy geskrik het.
- Kaizer het Lucky onderstebo gestamp.
- Lucky het vir Kaizer gesê dat hy jammer was oor alles wat hy gedoen het.
- Lucky wou Kaizer met die karwats slaan. (4)

8.22 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (8.22.1–8.22.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 8.22.1 | Kaizer | A | … is dood in 'n brand. |
| 8.22.2 | Lucky | B | … is goed vir ander. |
| 8.22.3 | Binki | C | … is groot en kwaai. |
| 8.22.4 | Wilma | D | … is onseker en rebels. |
| | | E | … is senuweeagtig en teruggetrokke. |

(4 x 1) (4)

8.23 Hoe het Binki gewys dat sy, anders as Lucky, baie lief vir haar hond was? (1)

8.24 Lucky spring weg van haar en begin weer te tik. (Reël 16–17)

8.24.1 Watter nuwe naam het Lucky op Binki se foon ingetik? (1)

8.24.2 Hoekom kan ons sê dat daardie nuwe naam nou by Lucky se lewe pas? (1)

Kopiereg voorbehou 

8.25 Binki en Lucky het begin stoei, want sy wou haar foon by hom afvat.

8.25.1 Wat het Lucky gedoen terwyl hulle gestoei het, wat hom laat skrik het? (1)

8.25.2 Wat het Lucky gesien wat Binki nog altyd weggesteek het? (1)

8.26 Watter perd (in die drama) het die titel van die drama die beste uitgebeeld? Motiveer jou antwoord. (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**